# medihelp

MedPrime

# Topgehaltedekking vir gesinne



Vanaf **R5 100** per maand

## Dekking vir alledaagse mediese uitgawes

### Dag-tot-dag-voordele

**Spaarrekening 10%**

**Tandheelkunde**

**Oogkunde**

**Ongevalledekking** vir kinders onder 19

**Verdere dekking** nadat jou spaargeld opgebruik is

Lid: **R7 900**
Gesin: **R14 500**

MedPrime Elect

Spaar op jou maandelikse ledegeld wanneer jy die netwerkopsie kies.
**Netwerk van gehalte-privaat hospitale**

## Sorg wat verder strek as dag-tot-dag-dekking

### Bykomende versekerde voordele

**Voorbehoedmiddels** R2 550/R2 980

**10** swangerskapkonsultasies

**2** huisdokter-/spesialisbesoeke vir kinders onder 2

**Voorkomende sorg** Gesondheidstoetse en ondersoeke

**Uitgebreide sorg:** **2** huisdokterbesoeke

**R1 050** vir akute medisyne of selfmedikasie

Word geaktiveer nadat sekere gesondheidsiftings/-toetse gedoen is

## Dekking wanneer dit die nodigste is

### Kernvoordele

**Trauma en noodgevalle**

Gehalte- **privaat hospitalisasie**

**271 voorgeskrewe-minimum-voordeel-** (VMV-) toestande en **26** toestande op die **Lys van Chroniese Siektes**

**Gespesialiseerde radiologie**, binne en buite die hospitaal

Med**Prime** is jou gesinsdekkingheld

Jy betaal net vir die jongste 2 kinders onder 18 en betaal kinderafhanklike-tariewe totdat hulle 26 word

## Maandelikse ledegeld

| | MedPrime Elect | MedPrime |
|---|---|---|
| Hooflid | R5 100 **(R6 120 spaargeld per jaar)** | R6 222 **(R7 488 spaargeld per jaar)** |
| Afhanklike | R4 302 **(R5 184 spaargeld per jaar)** | R5 262 **(R6 336 spaargeld per jaar)** |
| Kinderafhanklike <26 jaar | R1 482 **(R1 800 spaargeld per jaar)** | R1 818 **(R2 160 spaargeld per jaar)** |

## Aanvullende programme wat waarde toevoeg

Ekstra ondersteuning bo en behalwe jou alledaagse dekking

### Sorgprogramme

**Ouerskapreis**
Vanaf swangerskap tot voorskool word jy deur elke fase ondersteun.

**Voordele vir geestesgesondheid**
Toegewyde ondersteuning vir jou geestesgesondheid sodat jy die lewe ten volle kan aanpak.

**Ondersteuning met herstel ná hospitalisasie**
Bystand met herstel van die hospitaal tot terug by die huis.

**Kankersorg**
Selfs wanneer dinge moeiliker raak, gaan jou dekking voort.

**Deernissorg**
Deernisvolle ondersteuning tydens ernstige siekte om jou en jou geliefdes in gemak en met waardigheid daardeur te help.

**Bestuurde chroniese sorg**
Ondersteuning om jou te help om diabetes en ander chroniese toestande te bestuur, met sorg wat jou op koers hou.

**Rug- en nekbehandeling**
Ondersteuning om jou weer op jou beste te laat voel, beter te beweeg en te help met rug- en nekpyn.

**MIV/VIGS-program**
Vertroulike toetsing, behandeling en ondersteuning sonder veroordeling.

Medihelp is 'n gemagtigde finansiëlediensteverskaffer (FSP-nr 15738).

Die inligting in hierdie brosjure is 'n opsomming van voordele. In die geval van 'n geskil geld die geregistreerde Reëls van Medihelp, onderhewig aan goedkeuring deur die Raad op Mediese Skemas.

MedPrime

# Opsomming van planvoordele

## Maandelikse ledegeld

| | MedPrime Elect | MedPrime |
|---|---|---|
| Hooflid | **R5 100** (**R510** spaarbydrae ingesluit per maand en **R6 120** per jaar) | **R6 222** (**R624** spaarbydrae ingesluit per maand en **R7 488** per jaar) |
| Afhanklike | **R4 302** (**R432** spaarbydrae ingesluit per maand en **R5 184** per jaar) | **R5 262** (**R528** spaarbydrae ingesluit per maand en **R6 336** per jaar) |
| Kinderafhanklike <26 jaar | **R1 482** (**R150** spaarbydrae ingesluit per maand en **R1 800** per jaar) | **R1 818** (**R180** spaarbydrae ingesluit per maand en **R2 160** per jaar) |

Jy betaal net vir die jongste twee kinders onder 18 en betaal kinderafhanklike-tariewe tot hulle 26 word

## Dag-tot-dag-voordele

| | |
|---|---|
| Spaarrekening | 10% spaargeld beskikbaar aan die begin van die jaar (kyk maandelikse bydraes):<br>Voorbeeld van beskikbare spaargeld:<br>**MedPrime Elect**<br>Lid: R6 120 per jaar<br>Lid +1: R11 304 per jaar<br>Lid +2: R13 104 per jaar<br>**MedPrime**<br>Lid: R7 488 per jaar<br>Lid +1: R13 824 per jaar<br>Lid +2: R15 984 per jaar<br>Ongebruikte spaargeld word na die volgende jaar oorgedra en verdien rente. Sodra jou spaargeld opgebruik is, word versekerde dag-tot-dag-voordele beskikbaar. |
| Huisdokter-, spesialis-, virtuele en telegesondheidkonsultasies (deur Docotela), kliniese sielkunde, fisioterapie, aanvullende gesondheidsdienste, akute medisyne, nie-VMV-chroniese medisyne, standaardradiologie en patologie (Ampath, Lancet en PathCare Vermaak) | Beskikbaar nadat spaargeld opgebruik is<br>Lid: R7 900<br>Gesin: R14 500<br>MedPrime Elect: Netwerkhuisdokter |
| **Nuut:** Ongevalledekking vir kinders onder 19 | Ongevallefasiliteite en -konsultasies vir dringende tot lewensbedreigende toestande. Onderhewig aan triage en die erns van die noodgeval |
| Oogkunde (Opticlear-netwerk) | Per persoon per driejaarsiklus<br>• Oogtoets<br>• Standaardlense<br>• R1 000 vir 'n raam<br>• R1 400 vir kontaklense |
| Konserwatiewe tandheelkunde (DRC-netwerk) | Roetineondersoeke, stopsels, X-strale en mondhigiëne |
| Gespesialiseerde tandheelkunde (DRC-netwerk) | • Krone<br>• Brûe<br>• Ortodontiese behandeling: R12 300 per bevoordeelde per leeftyd, beperk tot pasiënte onder 18 |
| Eksterne prosteses en mediese toestelle | Per gesin per driejaarsiklus<br>• Kunsoë – R6 200<br>• Spraak- en gehoorhulpmiddels – R6 200<br>• Rolstoele – R6 200<br>• Kunsledemate – R6 200 |
| | CPAP-toestel – R13 120 per persoon per tweejaarsiklus |
| | Mediese toestelle en hiperbariesesuurstofbehandeling – R1 750 per gesin |
| Radiografie | R1 440 per gesin |
| **Uitgebreidesorgvoordeel** | **Nuut** |
| Twee bykomende huisdokterkonsultasies | Word vir die gesin geaktiveer sodra ons die eerste twee eise vir twee verskillende gespesifiseerde gesondheidstoetse* uit jou bykomende versekerde voordele betaal het |
| R1 050 vir akute medisyne of selfmedikasie wat by 'n netwerkapteek verkry word | Word vir die gesin geaktiveer sodra die biometriese metings en die eerste eis vir 'n gekombineerde gesondheidsifting** uit jou bykomende versekerde voordele ontvang, verwerk en betaal is |

## Bykomende versekerde voordele

Medihelp bied hierdie voordele bo en behalwe jou versekerde dag-tot-dag-voordele. Jy kan dit aktiveer wanneer Medihelp jou geverifieerde biometriese metings van jou gesondheidstoets by Dis-Chem of Clicks ontvang. Jy kan jou beskikbare voordele enige tyd op die Member Zone sien.

| | |
|---|---|
| Swangerskapvoordele + *Aanvullende Ouerskapreis* | • Tien voor- en nageboortelike konsultasies by 'n vroedvrou/huisdokter/ginekoloog<br>• Voor- en/of nageboortelike konsultasies:<br>– Een by 'n dieetkundige (voor- of nageboortelik)<br>– Een by 'n laktasiespesialis (voor- of nageboortelik)<br>– Een voorgeboortelike klas by 'n privaat verpleegkundige<br>– Een nageboortelike konsultasie by 'n kliniese sielkundige<br>• Twee 2D-ultraklankskanderings<br>• Nege maande se voorgeboortelike ysteraanvullings (enkelbestanddeel)<br>• Nege maande se voorgeboortelike foliensuuraanvullings (enkelbestanddeel)<br>• Gehoorondersoek vir pasgeborenes tot 8 weke, binne en buite die hospitaal |
| Babas <2 jaar | Twee konsultasies by 'n kinderarts/huisdokter/oor-neus-en-keelspesialis |
| Kinderinentings | Standaardinentings tot 7 jaar |
| Voordele vir voorkomende sorg | • 'n Tetanusentstof<br>• 'n Griepentstof<br>• 'n Mammogram* elke twee jaar<br>• 'n Papsmeer* elke drie jaar<br>• 'n Prostaattoets*<br>• Fekale okkulte bloedtoets (FOBT)*<br>• 'n Beenmineraaldigtheidstoets* elke twee jaar<br>• Twee menspapilloomvirus-inentings vir meisies en seuns tussen 10-14 jaar of drie tussen 15-26 jaar<br>**Nuut:**<br>• Meningokokkus-inenting:<br>– 2 dosisse vir kinders 2-23 maande<br>– 1 dosis vir bevoordeeldes 13-26 jaar |
| Gesondheidsiftings | • Een gekombineerde gesondheidsifting (bloedglukose, cholesterol, LMI en bloeddrukmeting)** |
| **Nuut:** Voorbehoedmiddels vir vroulike bevoordeeldes van 12 tot 55 jaar of tot menopouse | • Mondelikse/inspuitbare/inplantbare voorbehoedmiddels – R200 per maand, tot R2 550 per jaar<br>• Intra-uteriene apparaat – R2 980 elke 60 maande |

## Kernvoordele

Behandeling in die hospitaal en lewensnoodsaaklike dienste (versekerde voordele)

| | |
|---|---|
| Hospitalisasie | Geen algehele jaarlikse limiet nie (bybetalings kan geld)<br>**MedPrime:** Enige privaat hospitaal, en dagprosedurenetwerk geld vir sekere dagprosedures<br>**MedPrime Elect:** Netwerkhospitale, en dagprosedurenetwerk geld vir sekere dagprosedures |
| Medisyne wat met ontslag uit die hospitaal verskaf word: Toepaslike medisyne wat die hospitaal **met ontslag verskaf en hef** om huis toe te neem, VMV-/chroniese medisyne uitgesluit | R600 per opname (beperk tot 7 dae) |
| Refraktiewe chirurgie | R15 700 per besin (bevoordeeldes 18-50 jaar) |
| Trauma wat hospitalisasie noodsaak | Onbeperk |
| Bevalling | • In die hospitaal – onbeperk<br>• Tuisbevalling – R17 900 per gebeurtenis |
| Gespesialiseerde radiologie | MR- en RT-beelding – R36 700 per gesin per jaar (bybetalings geld) |
| Spraak-, arbeids- en fisioterapie ná hospitalisasie | R2 540 per lid en R3 640 per gesin, ná ontslag uit 'n dagprosedurefasiliteit of hospitaal |
| Noodvervoer (Netcare 911) | • In land van verblyf<br>Onbeperk (RSA, Lesotho, Eswatini, Mosambiek, Zimbabwe, Namibië en Botswana)<br>• Buite land van verblyf<br>R2 730 per geval vir padvervoer en R18 500 per geval vir lugvervoer |
| Behandeling van lewensbedreigende toestande | Onbeperk<br>Sluit 271 VMV-toestande en 26 toestande op die Lys van Chroniese Siektes in |
| VMV-medisyne | Onbeperk, onderhewig aan voorafgoedkeuring en kliniese protokolle<br>MedPrime Elect: Formularium (medisynelys) en aangewese diensverskaffers geld |
| Kankerbehandeling | R352 800 per gesin (onderhewig aan voorafgoedkeuring) |
| Geestesgesondheid (psigiatriese behandeling) | • Hospitalisasie en professionele psigiatriese dienste: R40 100 per bevoordeelde per jaar tot 'n maksimum van R54 000 per gesin per jaar, insluitend een konsultasie by 'n opvoedkundige sielkundige per bevoordeelde per jaar om outisme te diagnoseer<br>• **Nuut:** Behandeling van depressie buite die hospitaal, onderhewig aan registrasie op die Depressie-ondersteuningsprogram: R4 500 per bevoordeelde per jaar vir dienste deur psigiaters, kliniese sielkundiges, maatskaplike werkers, arbeidsterapeute, geregistreerde beraders en psigiatriese verpleegkundiges<br>• Medisyne: R150 per bevoordeelde per maand |
| Medies noodsaaklike funksionele prosteses | • R85 200 per persoon<br>• Intraokulêre lense – R5 900 per lens, twee lense per persoon<br>• Heup-, knie- en skouervervangings – nie-VMV-gevalle is beperk tot vervangings wat weens 'n akute besering noodsaaklik is |
| Ander prosteses | • EVARS-prostese – R179 900 per persoon<br>• Vaskulêre/kardiale prostese – R76 800 per persoon<br>• Prostese met rekonstruktiewe of herstellende chirurgie en eksterne borsprosteses – R12 900 per gesin<br>• Inplantbare gehoortoestelle (insluitend toestel en komponente) – R331 600 per persoon<br>Buitehospitaalvoordeel: Sublimiet van R154 300 per bevoordeelde per 5 jaar vir vervanging van klankverwerker |
| Orgaanoorplantings | • Slegs VMV's – onbeperk<br>• Kornea-inplantings – R39 400 per inplanting |
| Palliatiewe sorg | Buitehospitaalvoordeel: R31 700 per gesin |
| Wondsorg | Onbeperk, onderhewig aan voorafgoedkeuring en kliniese protokolle, as alternatief vir hospitalisasie |
| Ander kernvoordele | Sluit in nierdialise, prostatektomie, suurstof, hospies, subakute sorg en privaat verpleegdienste as alternatief vir hospitalisasie |

**Belangrik**
Die inligting in hierdie brosjure is slegs 'n opsomming van die beskikbare voordele en bybetalings wat op sekere voordele van toepassing kan wees. Raadpleeg die geregistreerde Reëls van Medihelp en die ledegids vir meer besonderhede. In die geval van 'n geskil geld die Reëls van Medihelp (onderhewig aan goedkeuring deur die Raad op Mediese Skemas). Sekere bykomende versekerde voordele is nie beskikbaar as die pasiënt die mediese toestand vir VMV- of chroniesemedisynevoordele geregistreer het nie, aangesien die behandeling dan nie meer as voorkomende sorg beskou word nie.

**medihelp.co.za**